POLICY 05/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP : BENUTTING VAN SPORTGRONDE

VERWYSING : 17.7.B

BESLUIT NR : 8/05.1/2015 (SRV) DATUM: 13 Mei 2015

BELEIDSOOGMERK: Om alle Sportdissiplines regverdige gebruik van Sportgronde te gee.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Besprekings en betalings van sportvelde moet vroegtydig geskied sodat die nodige reëlings deur die Munisipaliteit getref kan word om die veld en verwante geriewe vir ón bespreekte datum voor te berei en die nodige oortyd reëlings van die betrokke amptenare te reël. Daar moet ook verseker word dat sportvelde nie oorbenut word, wat lei tot verlaagde standaarde nie.

RIGLYNE

1. Sportveld moet minstens **8 [agt]dae** voor die tyd bespreek en betaal word om ón voorbereide veld te verseker. Indien betaling minder as **8 dae** is, maar nie minder as 1 [een] werksdag voor die geleentheid nie, sal velde toegestaan word, maar onvoorbereid.

2. Gelde word verbeur indien kansellasies **minder as 3 [drie] dae** voor ón bespreking geskied.

3. Indien sportvelde vir langer as die bespreekte tyd benut word, word die oortyd van die betrokke amptenaar [nare] van die skadeloosstellingsdeposito verhaal.

4. Die aantal ure wat per speelveld vir sokker of rugby gebruik word ,word bepaal deur die toestand van die veld. Indien toestand van veld swak is, mag die stadion gesluit word met nodige kennisgewing om die veld kans te gee om te herstel.

5. Sokker-, Atletiek- en Rugbybyeenkomste word nie vir korter periodes as ón een week uitmekaar, op dieselfde veld toegelaat nie, om verwarring van baanmerke te vermy.

6. Onwettige gebruikers word, nadat hul geïdentifiseer is, met ón bedrag wat jaarliks aangepas word, beboet.

PROSEDURE

1. Aansoeker vir die gebruik van sportvelde of stadions doen ón bespreking en betaling op die voorgeskrewe aansoekvorm. Voor- en na-inspeksies word gedoen en enige skade wat tydens die huurperiode plaasgevind het, word van die skadeloosstellingsdeposito verhaal.

2. Die skadeloosstellingsdeposito of ón gedeelte daarvan word na die huurperiode aan die huurder terugbetaal.

ROLLE
Die Parke Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID
Sportvoorsiening binne die Munisipale beleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.